# BELEID

# ONDERHANDELINGE MET AMPTENARE

# ONDERHANDELINGE MET AMPTENARE

## 1. ONDERHANDELINGS VOORWAARDES

1.1 Die Raad beskou die reg om te onderhandel as 'n onvervreembare reg van beide Raad en werknemer kant. Onderhandelinge sal altyd as 'n eerste opsie gekies word en sal die partye in goeder trou met mekaar in gesprek tree.

1.2 Beide partye sal die reg het om onderhandeling ondersteuning tydens die proses te benut hetsy in span of individuele verband. Dit beteken dat raadgewers en ondersteuners van tegniese aard by beide partye toegelaat sal word.

1.3 Spesifieke onderhandeling forums (soos deur die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet No 66 van 1995, en gewysig tot Wet No 127 van 1998) sal vir die doel ingestel word.

1.4 Werknemers kan ook op individuele grondslag in samewerking met hul vakunie verteenwoordiger met die Raad oor aangeleenthede onderhandel. Onderhandeling kan ook in groepsverband plaasvind. Ooreenkomste wat binne die Bedingingsraad bereik is sal nie as onderwerpe vir onderhandeling op plaaslike vlak hanteer word nie.

1.5 Erkenningsooreenkomste wat tans van krag is tussen die Munisipaliteit en die vakbonde, IMATU en SAMWU bly steeds van krag, asook die bepalings van onderhandeling soos binne die ooreenkomste vervat.

## 2. WERKERS FORUM

2.1 'n Werkers forum sal jaarliks aangewys word vir werknemers. Alle werknemer klagtes sal via hierdie forum aan die Raad gerig word. Hierdie forum sal ook teenwoordig wees tydens enige personeel konsultasie met die Raad. Lees ook hiermee saam die erkennings ooreenkoms soos gesluit met die onderskeie vakunies : IMATU en SAMWU.

## 3. DOKUMENTERING

3.1 Alle versoeke, voorleggings en uiteindelike besluite geneem met enige onderhandeling tussen die Raad en werknemers sal skriftelik geskied en volledig gedokumenteer word. Ontvangs erkenning sal vir alle dokumente verskaf word by wyse van handtekening en stawende skrywes.